Wilgenhoffer ry fiets oor lengte van Suid-Afrika

Hou, bene, hou! Dié gedagte het meermale deur die 21-jarige Daniel Vivier se gedagtes geflits toe hy in Desember 2010 en Januarie vanjaar oor 37 dae altesaam 3 442 km in 196 uur per fiets afgelê het.

Daniel, 'n BSc Bewaringsekologie-student in sy tweede jaar en inwoner van Wilgenhof-manskoshuis, se lewensdroom is om 'n avonturier en omgewingsaktivis te word.

Daniel is in Suid-Afrika gebore, maar het sy hoërskool-jare in Switserland deurgebring voordat hy aan die Universiteit Stellenbosch (US) kom studeer het. Maar eers het hy as bemanningslid op die bekende avonturier en Stellenbosch-alumnus Mike Horn se seiljag gaan werk. Horn is tans besig met 'n vier jaar lange ekspedisie om die wêreld, die Pangaea-ekspedisie, waartydens hy van tyd tot tyd jongmense aan boord neem en hulle van die natuur en natuurbewaring leer.

"Die tyd wat ek saam met Mike Horn deurgebring het, was 'n keerpunt in my lewe. Sy passie vir die omgewing, verkenning en avontuur het my laat besef dat ek dit óók wil doen," vertel Daniel. "Daarom het ek besluit om die fietsry-ekspedisie aan te pak. Ek wou myself toets en kyk hoe ek verskillende situasies hanteer en onder druk funksioneer. Ek wou kyk of ek dit kán doen."

Daniel het begin nalees oor avonture in Suid-Afrika, en uitgevind dat niemand nog op eie stoom van die mees noordelike punt tot die mees suidelike punt van die land gereis het nie. Hy het daar en dan besluit dat hy dit per fiets sal doen.

"Ek het vroeg in Desember by Beitbrug weggespring en 'n uitgewerkte roete gehad met plekke waar ek wou aandoen. Ek het aan die einde van elke dag besluit tot waar ek die volgende dag gaan ry. Ek het die weer, toestand van die paaie én hoe ek fisies gevoel het, in ag geneem - en baie raad oor die beste roetes en paaie by die plaaslike mense gekry," vertel Daniel.

Teëspoed was daar ook. Daniel vertel hy het hom lelik misgis met die afstand en toestand van die paaie op sy eerste amptelike skof vanaf die grenspos by Beitbrug naby Musina, tot by Thohoyandou. "Ek moes 30 km grondpad ry sonder enige water. Later het dit donker geraak en het ek my koplig en fietslig aangeskakel en in die rigting van die aankomende verkeer gery, sodat ek kon sien as daar voertuie aankom én hulle vir my. Ek moes 'n hele paar keer in die bosse inry om uit die taxi's se pad te bly."

'Ek wou myself toets en kyk hoe ek verskillende situasies hanteer en onder druk funksioneer.'

'n Hoogtepunt was toe hy kort voor Kersfees vir 14 dae aaneen vanaf Nelspruit, deur die bergagtige Transkei, tot in Port Alfred gery het. "Daar het ek Kersfees saam met familie en vriende deurgebring. Dit was wonderlik."

Give me a Chance-stigting

Op 17 Januarie het Daniel sy fietstog by die V&A Waterfront in Kaapstad voltooi, en het familie, vriende en die media hom ingewag. "Ek was baie emosioneel en oorweldig. Ek moes 'n paar sekondes op my fiets se saal leun om dit alles in te neem."

Maar al die fietstrappery, ontberings en vreugdes het ook 'n groter doel gehad. Kort voor sy ekspedisie het hy gehoor van die Give me a Chance-stigting, wat talentvolle, minderbevoorregte studente van die Kylemore-gemeenskap buite Stellenbosch beurse aanbied om by skole op Stellenbosch skool te gaan. "Ek het beoog om R7 000 in te samel - genoeg om een kind vir 'n jaar te laat skoolgaan," sê Daniel, wat nou ook 'n ambassadeur vir dié stigting is. Hy het egter sy teikenbedrag meer as verdubbel, en altesaam R15 000 ingesamel.

Daniël se kop is vol planne vir sy volgende ekspedisie, "en dié een gaan baie groter wees," verseker hy. Maar vir nou wil hy nie te veel daaroor uitlap nie en eers op sy studie konsentreer. "Ek wil nie iemand wees wat baie praat oor wat ek beplan nie; ek wil dit net dóén."

- **Besoek www.danielvivier.yolasite.com vir meer inligting oor Daniel, en www.givemeachance.co.za vir meer inligting oor die Give me a Chance-stigting. Die stigting is ook Maties Fietsry se amptelike welwillendheidsprojek.**

Matie student Daniel Vivier, recently became the first person to cycle from the most northen tip of South Africa to the most southern tip. Read the article in English at www.matiesalumni.net

Daniel Vivier net buite die dorp Kokstad in KwaZulu-Natal.